

Kleinveepes: SA 'moet bedag wees'

Die voedsel en landbou-organisasie van die Verenigde Nasies se noodeenheid vir vee wat onder meer na oorgrenssiektes omsien, het 'n handleiding oor kleinveepes (peste des petits ruminants, of PPR) uitgereik as deel van 'n bewusmakingsveldtog oor die verspreiding van dié siekte.

Kleinveepes kom nie in Suid-Afrika voor nie en dit moet tot elke prys uit die land gehou word, sê Gerhard Schutte, hoofbestuurder van die Rooivleisprodusente-organisasie.

Die rede waarom die handleiding bekend gestel is, is omdat kleinveepes waarskynlik al jare lank in sommige lande voorkom sonder dat dit herken word. Dit word dikwels verwar met ander siektes wat asemhalingsprobleme en vrektes onder kleinvee veroorsaak.

Baie veeartse, dieregesondheidswerkers en vee-eienaars in gebiede waar die siekte afwesig is of eers onlangs begin voorkom het, is nie bekend met die siekte se kliniese en patologiese kenmerke nie.

Wat is PPR?

Luidens die wêreldorganisasie vir dieregesondheid (WOAH) is kleinveepes 'n virale siekte wat onder bokke en skape voorkom en gekenmerk word deur koors, sere in die mond, diarree, longontsteking en soms die dood.

Dit word deur 'n morbillivirus veroorsaak wat deel is van die familie *Paramyxoviridae*, wat verwant is aan run-

derpes, masels en hondesiekte.

Beeste en verskeie wilde herkouters is al eksperimenteel daarmee besmet, maar bokke en skape is die algemene slagoffers.

Kleinveepes is 'n siekte wat in die WOA se terrestriële dieregesondheidskode gelys word, en lande is verplig om die siekte volgens die voorgeskrewe kriteria by die WOA aan te meld.

Die siekte kom voor in Afrika tussen die ewenaar en die Sahara, die Arabiese skiereilande, die Midde-Ooste, suidwes-Asië en Indië.

Oordrag en verspreiding

Die uitskeidings van die oë, neus en mond, asook los mis, bevat groot hoeveelhede van die virus. Fyn, aansteeklike druppels word in die lug vrygestel wanneer die uitskeidings en afskeidings voorkom, veral wanneer besmette diere hoes en nies. Ander diere asem die druppels in en sal waarskynlik ook besmet word. Hoewel nabye kontak die belangrikste manier is waarop die siekte oorgedra word, kan besmette materiaal vermoedelik ook water, voertrôe en beddegoed besmet.

Dié spesifieke gevare is egter net oor 'n kort tydperk van krag

aangesien die PPR-virus, nes sy nabye familielid, runderpes, nie lank buite sy gasheer oorleef nie. Handel in klein herkouters by markte waar diere van verskillende oorsprong in noue kontak met mekaar kom, bied bykomende geleenthede vir die oordrag van kleinveepes, en dieselfde geld intensiewe eenhede waar diere vetgevoer word.

Voorkoms van kleinveepes

Wanneer PPR vir die eerste keer in 'n gebied voorkom, kan 'n akute hoë koors met uiterste depressie en dood voorkom voor enige ander tekens van die siekte waargeneem is. 'n Meer tipiese prentjie is egter een van 'n sindroom in skape en bokke wat vinnig versprei en gekenmerk word deur 'n skielike voorkoms van depressie, afskeidings van die oë, neus en mond, abnormale asemhaling met 'n gehoës, diarree en vrektes.

Hoewel bokke én skape vatbaar vir infeksie is, word hulle nie altyd gelyktydig geraak nie. In Afrika word PPR byvoorbeeld meer algemeen by bokke waargeneem, terwyl skape die slagoffers in die westelike en suidelike deel van Asië is.

Die voorkoms van PPR word met die volgende verbind:

- Geskiedenis van onlangse beweging of samekoms van skape en/of bokke van verskillende ouderdomme met gepaardgaande veranderinge in behuising en voeding.
- Kontak in 'n geslote kudde met skape en/of bokke wat mark toe gestuur is, maar nie verkoop is nie en teruggeneem

is na die plaas toe.

- Veranderinge in weerpatrone, soos die begin van die reënseisoen (warm en vogtig) of droë, koue periodes.
- Kontak met handel- of trekdiere deur gedeelde weiding, water en/of behuising.
- 'n Verandering in veeteeltpraktieke (byvoorbeeld na groter intensifikasie) en handelspraktieke. In endemiese gebiede is die meeste siek en sterwende diere ouer as vier maande en tot 24 maande oud.

Kliniese tekens

PPR behoort vermoed te word indien 'n kombinasie van die volgende waargeneem word:

- Die skielike aanvang van 'n koorsige siekte wat bokke en/of skape aantast.
- Afskeidings uit die oë, neus en mond met sere in die mond, met of sonder rowe of letsels om die mond.
- Longontsteking.
- Diarree.
- Aansienlike vrektes.

Die WOA wys daarop dat wanneer die siekte in 'n vorige onbesmette gebied verskyn, die standaardbeheermetodes van kwarantyn, bewegingsbeheer, 'n sanitêre slagproses, reiniging en ontsmetting toegepas word.

Die virus is vatbaar vir die meeste ontsmettingsmiddels.

Geen medikasie is beskikbaar om die siekte te behandel nie, maar ondersteunende behandeling mag vrektes beperk. 'n Entstof word gebruik indien die siekte vasgestel word en dit bied goeie weerstandigheid. **LBW**

HIERDIE BLAD IS DEUR DIE RPO GEBORG.
BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF.
RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY TEL. 012 349 1102
E-POS: rpo@lantic.net | WEBWERF: www.rpo.co.za